# VOORBIDDING:

Geroep Gewillig Gestuur



**Wêreld**: Republiek die Kongo, Gaboen en São Tomé en Príncipe. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkringeffek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Ntsiuoa Tsemane en die werk wat sy in Malawi doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld.
**RSA & Dorp:** Regering en regerende instansies - kabinet, provinsiale regering, stadsraad en munisipaliteit. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid.
**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde 3de kwartaal vir huisgesinne. 'n Geseënde Barmhartigheidsmaand in Augustus. Reëlings wat vlot en entoesiasme vir ons Lentefees in September.
**Woord van meegevoel:** Karl de Villiers (Belladonna, Welgevonden) is oorlede. Ons dink aan Ilse in hierdie hartseer tyd en bid vir vertroosting.
**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar**: Leza Louw (Paradyskloof Villas), Nicolas Mostert (Anesta) en Annalie Swanepoel (Nicolaas Cleef).

## Lesotho-uitreik:
## 24 September - 3 Oktober 2026

Oud en jonk is welkom om saam op die uitreik te gaan. Kontak vir Braam Horn (braam.horn@mediclinic.com / 071 608 4398 ) as jou paspoort reg is en jy wil gaan saam werk. As jy klere en 'n sokkerbal het wat kan saamgaan vir die inwoners van Lesotho, kan jy dit kerkkantoor toe bring. Die span vra ook koekies, beskuit en vrugte om saam te neem.



**Teken in op ons E-Nuusbrief:** Gaan na stelwel.co.za, kliek op "kontak ons" en kies "teken aan op ons E-nuusbrief". Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydae 'n vriendelike hallo-sê van die kerkkantoor met al die nuus.

## Huisgeloofblad vir gesinne

Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om 'n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of die DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus. Die teksgedeeltes sluit ook aan by die teks wat in die erediens gebruik word.

**Ons is 'n groen gemeente wat herwin!** In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

## 2 Augustus 2026

Koninkrykstyd

Jaartema: SORG

| | |
|---|---|
| Erediens & Kategese | 09:30 |
| Tema | Met God en mense stryd gevoer? Op die voetspoor van Jakob. |
| Skriflesing | Genesis 32:22-31 |
| Prediker | Nadia Marais |
| Familie-Kategese | 10:30 - in die kerksaal (vir gesinne met kinders in Gr R tot 12) |
| Koinonia Kafee | 10:30 - kuier verder saam met koffie en tee in die vierkant |
| Diens by Bonheur | 18:00 - Danie Goosen |

## Doopgeleentheid vandag

Baie welkom aan Jana Maria Korsten wat vandag gedoop word! Baie welkom ook aan haar ouers, Gé en Mareli, en boeties Gérard en Nicolaas, asook die grootouers, vriende en familie wat hierdie spesiale geleentheid meemaak.



Mag dit vir almal 'n geseënde dag wees!

## Musiekkonsert ten bate van Geluksoord Tehuis vir Bejaardes

Ondersteun asseblief Geluksoord se musiekkonsert op Saterdagmiddag **15 Augustus** hier in ons kerk.

Musiekgroepe wat gaan optree is die Schwanzsel Trio, kerkkoor van VGK Kylemore en Bloemhof Matrix 2026. Kaartjies kos R110 (sluit heerlike sop in) en is te koop by Quicket, ons kerkkantoor of by die deur. Die konsert begin 16:30 vir 17:00.

Ons Lentefees is vanjaar op Saterdag 12 September met ons eerste Lentefees-vergadering **VANDAG** na afloop van die erediens hier in die kerkruimte. Ons nooi graag **ALMAL** uit, wat graag wil help en hul blink idees wil deel, om dié vergadering by te woon!



Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

<u>**ONS KANTOORURE is:**</u> Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

**PROGRAM VIR DIE VOLGENDE 2 WEKE: Maandag 03/08 tot Sondag 16/08**

| | | |
|---|---|---|
| Wo 05/08 | 09:30 - 10:30 | **Geloofsgroei Byeenkoms (konsistorie):** Almal is welkom! Danie Goosen is die aanbieder. |
| Do 06/08 | 09:00 – 12:00<br><br>10:00 | **Naaldwerkbediening:** kom werk saam met die vroue van die Naaldwerkbediening by die kerk.<br>**Bybelstudie by Bonheur:** Danie Goosen |
| So 09/08 | <br>09:30 | **Koninkrykstyd (Vrouedag)**<br>**Erediens:** Elzanne van der Westhuizen |
| Ma 10/08 | | **Vrouedag gevier** *(kerkkantoor gesluit)* |
| Di 11/08 | 10:00<br><br>10:00<br>18:00 | **Lentefeesinligting gereed in dienswerkers se vakkies om in die wyke versprei te word.**<br>**Biduur by La Cleménce Klubhuis:** Danie Goosen<br>**Adminkomitee-vergadering:** kerkantoor |
| Wo 12/08 | 09:30 - 10:30 | **Geloofsgroei Byeenkoms (konsistorie):** Almal is welkom! Danie Goosen is die aanbieder. |
| Sa 15/08 | 16:30 - 18:00 | **Musiekkonsert in die kerk (ten bate van Geluksoord)** |
| So 16/08 | <br>09:30<br>10:30<br>18:00 | **Koninkrykstyd**<br>**Erediens en Kategese:** Danie Goosen<br>**Kerkbiblioteek en Koinonia Kafee:** in die vierkant<br>**Tienerbyeenkoms**: ontmoet Elzanne in die leeskamer |

**Die deuroffer vandag gaan aan die ACVV:** Die ACVV bied maatskaplike dienste en bemagtigingsondersteuning aan talle mense wat in nood is: kinders, bejaardes, gestremdes, individue en gesinne. Die ACVV bedryf 'n winkel vir tweedehandse klere en produkte vir aanvulling van fondse. Die ACVV se nommer is 021 883 3015.

Die deuroffer verlede week aan Stellemploy was R2 154.

***Baie dankie!***

Volgende week se deuroffer gaan aan die Stellenbosch-Welgelegen Gemeente Noodfonds.

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik.)



# Augustus = Barmhartigheidsmaand

## Ons Barmhartigheidstema fokus op mense met voedselnood.

*Die deuroffers gaan gedurende Augustus aan ACVV, Stellenbosch-Welgelegen Noodfonds, Stellenbosch Voedingsaksie, die Bybelverspreidingsfonds en die Bediening aan Dowes en NID.* Word deel van ons gemeenteprojek tydens Barmhartigheidsmaand om die groot voedselnood in die Stellenbosch gemeenskap te help verlig en te help om al die houers vir die 9 organisasies wat ons ondersteun, te laat oorloop! Ondersteun ons **31 dae van gee!**



# Augustus = Barmhartigheidsmaand





Augustus is tradisioneel Barmhartigheidsmaand in die groter NG kerk-familie en beslis ook in ons gemeente. Die tema vir vanjaar se groot voedselinsameling is **"31 dae van gee".**

**Wat en hoe gaan ons dit doen?** Ons samel nie-bederfbare voedsel en blikkieskos in vir die vlg organisasies: Voedingsaksie, ACVV, Nagskuiling, Safehouse, Jeuguitreik, Stellemploy, behoeftige studente aan die US, behoeftige inwoners in Molenhof ouetehuis en die Eikiehartprojek by Laerskool Eikestad. Vir elke organisasie is daar 'n groot houer by die B-Aksie-tafel. Jy kan dus kies vir watter organisasie jy graag wil skenk en die kos in daardie houer sit. Jy is welkom om dit Sondae voor die erediens in die houers te kom sit, of gedurende kantoorure in die week (Ma-Vr 08:00 tot 13:00).

**Wat kan jy bring?** Enige nie-bederfbare voedsel, bv droë pasta, sopmengsels, smere vir brood, koffie, tee, blikkieskos, ens (sien onderstaande inkopielys). Hou hierdie lysie in jou handsak of beursie en elke keer wanneer jy inkopies doen, voeg een of twee van hierdie items by. Kyk 'n bietjie in jou koskas by die huis en bring van die voedsel of blikkies waarvan jy te veel het. Kyk net mooi na die vervaldatums, want ons kan geen kos wat al verby die vervaldatum is, uitdeel nie.

**Jy is genooi!** Word deel van hierdie verskilmakende gemeenteprojek om die groot voedselnood in die Stellenbosch gemeenskap te help verlig. Indien jy enige vrae het, kontak die kerkkantoor (021 886 5975 of skriba@stelwel.co.za).

| | | |
|---|---|---|
| blikkie sardyne/pilchards | blikkie bully beef | blikkie tuna |
| blikkie baked beans | blikkie gemengde groente | blikkie tamatie-en-uie |
| blikkie ertjies | blikkie mielies | blikkie perskes |
| sonneblomolie | tamatiesous | grondboontjiebotter |
| konfyt | Bovril/Marmite | macaroni/enige pasta |
| 2-minute noodles | rys | poeier-/langlewe melk |
| kitskoffie | Rooibos-/Ceylon tee | suiker |
| koekmeel | mieliemeel | kitsgis |
| ontbytpappe | chicken/beef "stock" | soppoeier |
| droë sopmengsel | droë bone | droë lensies |
| droë ertjies | gort/barley | koring |
| tamatiepasta | koekies | sout/enige speserye |

**Is jy nuut by ons?** Kom gerus ná die diens na voor waar die predikant jou sal ontmoet en help met nuwe lidmate vorms en 'n "welkompakkie". Kom drink ook saam tee of koffie in die vierkant - ons sal jou graag wil ontmoet!


**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za